

# GEVAARLIK, OF MAKGEMAAK?

deur Stephan Joubert

Een van my gunsteling aanhalings is dié van Ernst Kaesemann, 'n bekende Duitse teoloog vanuit die vorige eeu. Hoor net wat skryf hy as hy oor Jesus nadink: "*People and institutions do not like to be kept continually on the alert, and they have constantly devised screens to protect themselves from too much heat. In fact, they have even managed to reduce Jesus' red-hot message, which promised to kindle a fire throughout the world, to room temperature.*"

Wat dink jy as jy hierdie woorde lees? Ruk dit jou tot stilstand? Ek hoop van harte so. **Is dit nie waar dat ons die regte Jesus radikaal "afgekoel" het na kamertemperatuur toe nie? Hoekom? Wel, sodat Hy netjies kan inpas in ons klein, voor-spelbare wêreldjies.** Ons het Jesus probeer verander na ons beeld in plaas daarvan dat ons toelaat dat Hy ons na Sy beeld verander. Ons het Christus hanteerbaar probeer maak, pleks dat Hy ons hanteer en vorm soos wat Hy dit goed vind.

**Die resultaat** is dat baie van ons opgeskeep sit met 'n nie-gevaarlike en oninspielerende Jesus wat ons nou en dan in die kerk raakloop rondom 'n paar morele lesies wat nie juis bedreigend of transformerend is nie. Vir die res gaan ons rustig voort met ons eie lewens.

**Hoor hier, die regte evangelie van Christus is lewensgevaarlik. Dit verander mense. Nee, dit verander jou.** Dit herbedraad jou. Dit laat jou kop anders dink en jou hande anders doen. Dit stuur jou voete in nuwe rigtings.

Ontdek asseblief weer die regte Jesus in die Bybel agter ou selfgemaakte beelde van Hom. Lees die Evangelies 'n slag deur van voor tot agter sonder al jou getemde godsdienstige brille. Dit sal jou lewe vir altyd verander.

**Mag die Here ons weer die verlossing en redding wat daar in Jesus Christus is, laat raaksien; so raaksien en glo dat dit ons lewens verander, dat ons Hom Here van ons lewe maak (Hom in beheer stel), en dat ons die Goeie Nuus in Jesus nie vir onself hou nie, maar aan ander vertel en voor ander uitleef! –**

**Ds Leon Tait**

## Ek bid

Maak my oë oop, Christus  
Leer my om U te ken vir wie U is  
Stroop my van my selfgemaakte prentjies van U  
in my kop  
Leer my om U op U terme te dien  
Amen



## Hoe ek van 'n skeptis van die kerk tot 'n aktiewe bevorderaar daarvan verander het...

Philip Yancey, een van die grootste en suksesvolste christenskrywers in die wêreld vandag, vertel hoe hy van skeptis tot bevorderaar van die kerk verander het. Natuurlik was daar honderd en een verse wat die belangrikheid van die kerk beklemtoon en dat 'n christen buite of sonder die kerk, totaal uit pas met God se wil is. Tog het Philip, wat in die kerk groot geword het, later 'n skeptis buite die kerk geword.



Soos Philip, is daar natuurlik baie mense wat vandag buite die kerk land met kritiek, bitterheid en selfs hartseer of vyandigheid vanweë een of ander ontugtering wat hul in die kerk beleef het. Philip se getuienis help ons om meer begrip en perspektief te kry op hierdie verskynsel.

Die grootste hindernis wat hom uit die kerk gehou het was die *skynheiligheid* van lidmate. Hy het ervaar dat talle lidmate Sondag met mooi klere en vriendelike gesigte in die kerk aanbid, maar deur die week is hul totaal ander mense, waarvoor jy maar versigtig moet wees. Hul boosheid was bedek en gekamoeleer deur mooi klere en godsdienstige gebare. So gedink tot een dag, toe hy homself afvra: *hoe sou die kerk wees as hul almal soos ek was?* Oprek en eerlik moes hy erken dat hy maar liever op my eie geestelike toestand moet fokus as op ander lidmate se foute. Philip vertel dat hy meer ontspanne in die kerk geraak het, veel geduldiger met ander en selfs lief vir mede-lidmate.

Alhoewel hy gedink het hy kan sonder die kerk klaarkom, het hy tog later besef dat hy die kerk nodig het om op sy beste vir die Here te wees. Hy het *sy siening van kerk verander*. Kerk is nie 'n lot ander mense wat ek, wat so wonderlik is, as *toeskouer* van buite kan kritiseer en mee foutvind nie. Ek is geroep om as *deelnemer* van die kerk, as een van hulle, 'n positiewe verskil te maak, sodat ons meer kan kerk-wees soos Jesus bedoel het.

Ook het die verandering in *sy siening van die erediens* 'n groot verskil gemaak in die beleving daarvan. Hy vertel dat groot omwenteling gekom het toe hy besef het dat dit nie in die erediens gaan oor "hou ek daarvan?" nie, of "hoe sinvol is dit vir my?" nie, of "wat kry ek hieruit?" nie, maar eerder "is *God tevrede* met hoe ek van harte Hom vandag aanbid?". Ek is nie die toeskouer wat vermaak en tevrede gestel moet word nie! Die flou verskonings soos ontevredenheid met die preek, die inrig van die erediens, die musiek, die sang, die tydskuur van die diens ensomeer, val alles weg wanneer die fokus op jou persoonlike en hartlike ontmoeting met God, geplaas word. So word die erediens 'n vreugde-ervaring!

Wat hom die meeste geraak het was sy ontdekking van die kerk as familie of huisgesin van God. In 'n familiekring is daar altyd persone wat moeiliker, irriterend en veral *anders* is in baie opsigte bv denke, leefwyse, gewoontes en voorkeure.

Soos iemand dit mooi gestel het:

*"family and community is a place where the person you least want to live with always lives"*. Tog skryf ons mekaar (meestal) nie af nie want ons is deur bloedbande aan mekaar gebind. Indien ons in die natuurlike familiekring so optree, hoeveel te meer nie in ons geestelike familiekring nie? In die kerk, as ons geestelike familiekring, is ons deur meer as natuurlike bloedbande aan mekaar gebind nl deur die bloed van Jesus! Ons het een Vader, een Here en het een en dieselfde Gees wat in ons almal woon!

Wil jy nie ook van skeptisis tot aktiewe bevorderaar van die kerk verander nie ?

Wil jy nie van toeskouer tot deelnemer verander nie ?

*Ds Leon van Heerden*



- ◆ **6 April:** Nagmaal @8:00
- ◆ **6 - 9 April:** Paas naweek
- ◆ **10 April:** Skole open
- ◆ **21 April:** Hart van die Moot dag
- ◆ **22 April:** Doop
- ◆ **27 April:** Vryheidsdag (Vakansiedag)

*Sien jou daar!*



**HERSTEL VAN KLERE:** As jy jou stukkende klere wil laat herstel of laat verstel kontak Rita by 0123355139 / 083 242 7029

Indien u enige items of dienste het om gratis aan te bied, kan u dit **GRATIS** in hierdie blaadjie adverteer!

Skakel 072 111 3100

## *Het jy geweet?*

*Daar is 'n verskil tussen 'n preekstoel en 'n kansel!* In die tyd van Jesus was daar in die tempel en sinagoges staande uit die boekrolle (Skrifgedeeltes) gelees en daarna het die voorleser gaan sit en is die gedeelte sittende uitgelê.

Later het die liturg op 'n oop "verhoog" of "platvorm" (genoem "die kansel") vanuit 'n groot stoel (preekstoel) die gemeente geleer. 'n Verdere ontwikkeling was dat daar langs die groot stoel, 'n lessenaar gekom het vanwaar die voorlesing staande uit die Skrif gedoen is. Daarna is sittende vanuit die groot stoel gepreek.

Aan die linkerkant (eenkant) van die verhoog (kansel) is die Skriflesing gedoen en aan die anderkant (meestal regterkant) is daar gepreek. Die eenkant waar gesit en gepreek is, is selfs soms "die liturgiese-troon" genoem.

Die afstand tussen gewone lidmate en ampsdraers (liturg) het al hoe groter geword. Daar was onderskei tussen die *belangrike* liturg en *gewone* lidmate deur kleredrag (ampsdrag), op die verhoog (kansel) was daar nog 'n verdere "verhoog" (soms met drie vlakke) geplaas en selfs 'n kanseltaal is gepraat. Net die hoogste vlak van die "troonverhogie" was vir die liturg beskore, wanneer hy preek.

Verskillende invloede uit Joodse, Griekse en Romeinse wêreld het tot hierdie ontwikkeling bygedra.

Later het Calvyn in reaksie op die Roomse Kerk, een kansel ingestel en dit prominent in die sentrum en hoog geplaas twv die simboliek van die sentraliteit van die Woord met die liturg wat met sy akademiese drag die Skrif uitlê en preek.

Die reformatoriese tradisie het die afgelope aantal dekades verdere ontwikkeling beleef nl dat dit oor meer as Woordbediening in die erediens gaan (eerder oor 'n ware ontmoeting tussen God en gemeente) en die afstand tussen liturg en lidmate nie Bybels te fundeer is nie. Daarom het die inrig van eredienste, kleredrag, boustyle van kerke en liturgiese ruimtes, onder andere, verander.

Die heel belangrikste is om te onthou dat dit oor God gaan en nie oor menslike tradisies nie. Kom ons eer en dien Hom met ons hele hart!

*(ds Leon van Heerden)*

# c'naru eiendomme

ons bied 'n verskeidenheid van dienste:

- Gratis waardasies
- Bemerk om te verkoop
- Kwalifisering van nuwe kopers
- Lening aan soeke
- Advies om eiendom se waarde te verhoog
- Boedelwaardasies

Naómi

082-804-1200 012-331-0015



To God the Glory



## MOOT CHRISTIAN ACADEMY

- Are you serious about your child's education?
- Do you want to give your child the best education possible?
- Did you know that in the early days children read the Bible to learn?

### At MOOT CHRISTIAN ACADEMY:

- We are putting the joy of God back into education
- We are an affordable Private School for Gr 0 to Gr 12
- We are passionate about our students.
- 90% of our staff and students are Afrikaans speaking.




We serve the Community of God  
Contact us for an interview

012-331-8274

[admin@mootchristianacademy.co.za](mailto:admin@mootchristianacademy.co.za)

On the premises of NG Rietfontein Suid, C/o Ben Swart str. and 16<sup>th</sup> Avenue



## Hoeveel motte op jou Lig?



Dit klink na 'n vreemde onderwerp. Het jy al in 'n donker vertrek ingestap en die lig aangeskakel? Daar is geen motte op die lig nie.....maar gee kans, nie lank nie dan is al wat 'n mot is daar, om hitte te soek.

Deur ons lewenswyse kan ons ook die "motte" van hierdie wereld aantrek.... na die Lig.

Hoe leef ons as christinne buite die kerk op 'n Sondag? Trek ons son-  
daars aan of stoot ons hulle net verder weg van die Woord van God?

Daar is natuurlik ook 'n gevaar vir motte. As die lig te warm is.....dan kan hulle verbrand. Hoe kan ons Lig dan nou "motte" verbrand? Julle sien, as ons sondaars aantrek na die Lig deur ons lewenswyse dan is dit 'n goeie ding, maar ons kan ook maak dat hulle verbrand deur voor te gee ons is Christinne. Dan verbrand ons hierdie siele, wat vir die Here kosbaar kon wees.

Met ander woorde moenie dat die duisternis jou lig oorweldig nie.

**Job 22:28** Besluit jy iets, dan kom dit tot stand; en oor jou weë skyn 'n lig.

**Mat 5:16** Laat julle lig só skyn voor die mense, dat hulle julle goeie werke kan sien en julle Vader wat in die hemele is, verheerlik.

**Joh 1:5** En die lig skyn in die duisternis, en die duisternis het dit nie oorweldig nie.

**2Co 4:6** Want God wat gesê het dat daar uit duisternis lig moet skyn—dit is Hy wat in ons harte geskyn het om die verligting te bring van die kennis van die heerlijkheid van God in die aangesig van Jesus Christus.

Komaan....laat ons ligte skyn waar ons ookal beweeg, en laat die volgende vers **NOOIT** op ons van toepassing wees nie.

**Rev 18:23** En die lig van 'n lamp sal nooit meer in jou skyn nie, en die stem van bruidegom en bruid sal nooit meer in jou gehoor word nie.

## Afrikaanse inspirerende gedagtes en wysede

"Duisternis kan nie die Lig uitdoof nie, dit kan God slegs helderder laat skyn." - Onbekend

"Laat jou lewe aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg." Psalm 37:5

Ek is die lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê.

Johannes 8:12

"n Klein geloof bring jou siel na die hemel, 'n groot geloof bring die hemel na jou siel" - Onbekend

"Waar God se vinger wys, sal Sy Hand 'n weg berei."

## MUSTERION BOEKERY—BOOK EXCHANGE

Hier is ongeveer 12 000 boeke. Afrikaanse of Engelse fiksie, romantiese en historiese fiksie, westerns, Christelike boeke, nie-fiksie en handwerkboeke word hier aangehou.

U sal u gunsteling heelwaarskynlik hier vind.

Boeke kan omgeruil of gekoop word teen baie billike pryse.

Die boeke wat ingeruil word moet asb. volledig, skoon en in 'n goeie toestand wees.

Kontak persone: **Willa Olivier - 082 737 3391 of 073 419 8292**

**Stefaans Olivier - 082 773 7058**

Adres: 20ste Laan 624

Rietfontein


**KOM MAAK GERUS 'N DRAAI!**



## TAAKSPAN VIR OMGEEGROEPE

### VISIE VAN DIE OMGEEGROEPE-TAAKSPAN:

Om deur omgee-verhoudinge in omgegroepe mekaar te help om te groei tot praktiese en gehoorsame navolgers van Christus.



### **GOD SE WOORD IS 'N SPIEËL**

Jou geestelike moegheid hou nie in die eerste plek verband met jou werksdruk en die hoeveelheid spanning wat die lewe bring nie, maar met jou verhouding met Jesus Christus.

Geestelike moegheid laat mens agter raak en naderhand uitsak, nie net in jou daaglikse werk nie, maar ook in jou lewe wat jy vir die Here leef; daarom het mens nie altyd die geestelike energie en entoesiasme om in te klim en dinge met oorgawe vir die Here te doen nie.

Die Bybel gee goeie raad vir geestelike moegheid: "*Hou Jesus voor oë*".

Dit beteken: *Hou Hom sentraal in jou gedagtes.*

As jy aan Hom dink, dink spesifiek daaraan dat Hy die kruis verduur het en dat Hy die vyandige optrede van sondaars teen Hom verdra het. Dink daaraan dat Hy nie teruggedeiens het nie.

Hoe het Hy dit reggekry om Hom deur niks van stryk te laat bring nie, nie deur aanvalle van mense nie, en ook nie deur die skande van die kruis nie? Die antwoord lê in die woorde: "Ter wille van die vreugde wat vir Hom in die vooruitsig was ..." Hy het opgekyk en die wenpaal gesien, en dit het Hom laat aanhou!

Ons wenpaal word in Filippense 1:23 beskryf: "...om by Christus te wees." So stel Christus aan ons 'n voorbeeld van hoe 'n mens moeilike omstandighede hanteer. Jy staar jou nie blind teen die omstandighede nie, jy draai jou nie daarin vas nie, maar jy kyk op en sien die volle prentjie. Die vooruitsig verbreed ons perspektief.

Die voorwaarde is egter dat jy Jesus Christus sentraal in jou gedagtes hou. Jy kan seker wees dat Hy dan 'n sentrale plek in jou lewe sal inneem en jy sal die belofte in vers 3 vir jou persoonlik kan toeëien: "Dan sal julle nie geestelik moeg word en uitsak nie." Jesus belowe dit en Hy sal dit ook bewerk. *Dr SF Kruger (Middelburg-Noord)* (**Hebreërs 12:1-3**)

**"As jou verhouding met God voorkeur kry in jou lewe, sal die res vanself in plek val"**

**Indien jy graag by 'n Omgegroepe wil inskakel of een wil stig, kontak asseblief:**

**Liesel Nieuwenhuis – Tel. No.: 076 840 5591**